Process Safety Beacon
Boodskap aan bedryfspersoneel
www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon

CCPS An AIChE Technology Alliance
Center for Chemical Process Safety
aiche.org/ccps

This issue sponsored by
ioMosaic® Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

# 20 ste Verjaarsdag – Process Safety Beacon

**November 2021**


November 2001


November 2021

November 2011


*Figuur 1 Process Safety Beacons oor 20 jaar*

Twintig jaar gelede het ’n groep maatskappy verteenwoordigers van CCPS lede besluit dat ’n nuwe publikasie nodig is. Dit was bedoel vir “frontline” werkers – hoofsaaklik bedryfs - en instandhoudings werkers. So het die CCPS Process Safety Beacon ontstaan. Die eerste publikasie was in November 2001en daarna is dit maandeliks gepubliseer. Tans is daar 30 000 ingeskrewe lede wat dit maandeliks per epos ontvang. Die leserstal word geskat op ongeveer een miljoen.

Die bedoeling met die Beacon is om ’n proses veiligheids boodskap te bring aan chemiese fabriekswerkers wat bespreek kan word in klein vergaderings, op kennisgewingborde geplak kan word en as veiligheids moment bespreek kan word. Al die laaste 20 jaar se Beacons is beskikbaar by die Proses Veiligheids Argief by:

*https://www.aiche.org/ccps/resources/process-safety-beacon/archives*

## Het jy geweet?

- Die Process Safety Beacon is die publikasie van die AIChE wat die meeste gelees word – ongeveer een miljoen mense lees die Beacon elke maand.
- Die Beacon word geskryf deur ’n komitee wat die inhoud noukeurig nagaan om te verseker dit is akkuraat en bruikbaar vir lesers. Baie dankie aan die komitee vir hulle pogings die laaste 20 jaar.
- Die Beacon is beskikbaar is 40 tale. Dankie aan die toegewyde vertalers vir akkurate vertalings.
- Die Beacon is gratis vir almal: Om in te teken, gebruik die volgende skakel:
- https://aiche.informz.net/AICHE/pages/Beacon_Subscribe_Page
- Die maak van afskrifte word nie net toegelaat nie, dit word ook aangemoedig.
- Die Beacon fokus gewoonlik op ’n paar bydraende oorsake, maar daar is gewoonlik meer sake wat bygedra het tot die insident.

## Wat kan jy doen?

- Bespreek die Beacon met jou span en soek kern gedagtes wat in julle bedryf van toepassing kan wees.
- Vra jouself die volgende vrae as jy die Beacon lees:
  - Kan ’n insident soos die in my aanleg gebeur?
  - Watter veiligheids sisteme het ons om so ’n insident te voorkom?
  - Is ons veiligheids sisteme in werkende toestand?
- Lees en deel die Beacon gereeld met ander.
- As jy ’n goeie idee het van ’n onderwerp vir die Beacon, stuur dit asb. aan: ccps_beacon@aiche.org

***Die Beacon – proses veiligheids lesse oor 20 jaar!***

©AIChE 2021. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or 646-495-1371.